## VOORWOORD

Een honderd en tien jaar gelede het die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gewoed in wat vandag die Republiek van Suid-Afrika is. Die 110de herdenking van hierdie ingrypende en traumatiese konflik ontlok uiteraard nie soveel belangstelling as wat die 100ste herdenking ’n dekade gelede gedoen het nie, maar dit is nogtans gepas dat daar weereens – ook vanuit ’n akademiese oogpunt – rekenskap gegee word van die gebeure wat in die jare 1899 tot 1902 in Suid-Afrika afgespeel het. Gevolglik word in hierdie spesiale uitgawe van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* onder meer gelet op strategiese en ander militêre aspekte van die oorlog, internerings- (konsentrasie-) en ander kampe, die rol wat iemand soos Deneys Reitz tydens die oorlog gespeel het, regskwessies, en die neerslag van die oorlog in Portugese geskiedskrywing. Ten slotte word die Anglo-Boereoorlog met ander oorloë wat in Suider-Afrika gewoed het, in verband gebring.

Sowat drie jaar gelede het die redaksie van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, op aanbeveling van die redakteur, besluit om ’n huldigingsuitgawe ter ere van prof. Tienie van Schoor te publiseer, en wel ter viering van sy 90ste verjaardag. Prof Tienie is egter op 25 Julie 2009, sowat ’n jaar voordat hy 90 sou word, oorlede, maar daar is besluit om met hierdie spesiale uitgawe voort te gaan, en dus word dit postuum aan Prof Tienie opgedra.

Marthinus Cornelius Ellnarius van Schoor (1920-2009) is in Bloemfontein gebore, het aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad gematrikuleer, en aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (vanaf 1950 bekend as die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, UOVS, en sedert 2001 as die Universiteit van die Vrystaat (UV)) en aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer. Aan laasgenoemde instelling het hy in 1962 gepromoveer met ’n proefskrif getiteld *Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1954*. Dié werk is in 1968 in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* gepubliseer.

Intussen het Tienie van Schoor as argiefassistent by die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein gewerk (1947-1948), vervolgens aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein skoolgehou (1949-1958), en vanaf 1959 tot 1985 was hy verbonde aan die UOVS se Departement Geskiedenis: eers as lektor, en uiteindelik as hoogleraar; die laaste nege jaar tot en met sy aftrede ook as hoof van die Departement Geskiedenis.

Prof. MCE van Schoor was ’n dinamiese dosent wat by ’n groot aantal voorgraadse studente ’n blywende liefde vir Geskiedenis gekweek het. Op nagraadse vlak het hy aan ongeveer 30 MA- en doktorale studente studieleiding verskaf, en wel oor ’n groot verskeidenheid temas. Op navorsingsgebied het hy veral wat betref die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902, en die Afrikaner-

rebellie van 1914 tot 1915 ’n besondere bydrae gelewer. Hy het die *Christiaan de Wet-annale* in 1972 tot stand gebring en self talle tekste met groot noukeurigheid vir dié bronnepublikasiereeks geannoteer. Hy was ook die stigter en eerste redakteur (1966-1974) van die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal/South African Historical Journal*.

Prof Tienie was die outeur of mede-outeur van sowat 30 boeke en ander kleiner monografieë. Na sy aftrede in 1985 het hy volstoom voortgegaan met navorsing, en talle omvangryke werke die lig laat sien, insluitende biografieë oor John Daniel Kestell (1992), genl. Christiaan de Wet (2007) en pres. MT Steyn (2009). Verder het hy sommige van Steyn se geskrifte en toesprake gepubliseer (1997), asook ’n vertaalde en geredigeerde weergawe van De Wet se oorlogsherinneringe (1999), ’n boek oor die vredespogings en onderhandelinge tydens die Anglo-Boereoorlog (2007) en ’n boek oor genl. JCG Kemp se rol tydens die rebellie van 1914-1915 (2006). Hy het letterlik nog tot kort voor sy oorlye navorsing gedoen en geskryf.

Prof. MCE van Schoor was ’n deurwinterde wetenskaplike en Geskiedenis-vakman, maar hy het sy gemeenskap ook op talle ander wyses gedien, onder meer as spreker by kultuur- en ander byeenkomste, as skrywer van ’n groot aantal populêre artikels in tydskrifte en koerante, as lid van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, voorsitter van die beheerraad van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke en voorsitter van die Nasionale Vrouemonumentkommissie. Hy is oorleef deur sy vrou, Betha, ses kinders en elf kleinkinders.

Deur middel van hierdie Anglo-Boereoorloguitgawe van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, word hulde gebring aan die laaste van die ou garde Afrikanerhistorici – iemand wat as akademikus en kultuurmens prysenswaardige bydraes gelewer het en ’n navolgingswaardige voorbeeld gestel het.

**André Wessels**
Redakteur
31 Mei 2011